Afrikanerkind (c)

Graad 7

A DOEL

Om by die Penkop en Drawwertjie

1. 'n Liefde te kweek vir wat eie is aan die Afrikaner.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die begrippe kultuur, ras, volk en nasie verstaan en weet wat dit beteken.
2. Minstens ses historiese gebeurtenisse in die Afrikaner se geskiedenis chronologies kan rangskik en die gebeure rondom elkeen kortliks kan bespreek.
3. Taal:
   - Vyf nuwe spreekwoorde aanleer en die betekenis van elkeen ken.
   - Vyf idiome aanleer en die betekenis van elkeen ken.
4. Monumente:
   - Die simboliek van twee monumente in ons land beskryf.
   - Minstens een van hierdie twee monumente besoek.
   - Bewus wees wat die betrokke monument se boodskap vir die Afrikanerkind van vandag is.
5. Kennis maak met ten minste twee tradisionele speletjies.
6. Twee moderne Afrikaanse liedere, twee volksliedere en twee vaderlandsliedere ken en saamsing.
7. Inligting versamel oor 'n hedendaagse Afrikaanse digter, skrywer, kunstenaar of akteur en dan in groepverband gesels oor sy bevindings.
   - iets van die persoon vertel.
   - vasstel wat hy vir die Afrikanervolk beteken het.
   - kennis dra van ten minste drie van sy werke.
   - beskryf waarom hierdie persoon sy keuse was.
8. Tydens 'n gesprek gesels oor die volgende:
   - Wat ek as Afrikanerkind vir my volk kan doen.
   - Bepaal of Afrikaans ‘n bestaansreg in ons multi-kulturele samelewing het.
   - Bepaal of daar vir hom ‘n toekoms in hierdie land is.
   - Bepaal wat hy kan doen om sy toekoms hier te verseker.

C AANBIEDING

1. Gee aan die kind 'n duidelike definisie van die begrippe. Doen dit egter so eenvoudig moontlik.
2. Neem enige ses gebeurtenisse uit die geskiedenis. Deur middel van bespreking of speletjies word die gebeurtenisse chronologies gerangskik. Die doel van die oefening is om die kind te help om die groei en ontwikkeling van sy volk in perspektief te sien asook hoekom sekere gebeure plaasgevind het.
3. Die doel van vereiste 3 is om die kind se kennis van ons taal uit te brei
4. Probeer hier ook die minder bekende monumente bespreek en besoek, veral dié in die eie omgewing. Dit is veral belangrik dat die kind die gevoel kry dat 'n monument vandag nog 'n boodskap vir die Afrikaner het.
5. Speel speletjies soos blikbord, kennetjie en jukskei. Dit is belangrik dat ook die rede vir sekere soorte spele verduidelik word, byvoorbeeld gebrek aan speelgoed.
6. Die sesliedere moet behoorlik geken word.
7. Lê eerder klem op hedendaagse digters, skrywers, kunstenaars en akteurs.
8. Die inligting word mondelings aan die groep oorgedra. Hier kry die kind geleentheid om voor ander op te tree en sy mening te gee.
   - In die gesprek moet die Offisier die kind leiding gee sodat hy die voordele besef en nie net op die nadele konsentreer nie. Nooi gerus ‘n kenner.
   - Die kind se eie mening word hier gevra. Regstellings kan gemaak word.